# Die DROOMGENOOT

## SOMER 2023

droom

DIENS AAN RIVERSDAL

& omgewing

# Die DROOMGENOOT

*Goeiedag alle Droomgenoot-lesers,*

*En so is 2022 iets wat jy net in die tru-spieëltjie kan sien – totsiens, good bye, sala kakuhle, au revoir, ……..*

*Onthou net: die agterruit van 'n motor is klein omdat die verlede daardeur gesien kan word en die voorruit is groot, want die toekoms lê oop voor ons. Natuurlik moet ons die verlede onthou, maar moet asseblief nie vasklou daaraan nie. Doen dinge wat jou kan losmaak van die verlede – vergewe, maak vrede, bid vir mekaar. Ek sal nie vergeet hierby noem nie, want dit is die moeilike deel en omdat die verlede deel van ons menswees is, is vergeet nie altyd so maklik nie.*

*Ek hoop almal het 'n lekker familie-Kersfees gehad. Ek het weer die jaar besef dat familie nie net jou gesin/naaste familie is nie. Mense kan "familie" wees sonder dat hulle bloedfamilie is. Die mense wat ons elke dag sien, wie vir ons omgee, wat ons help met sekere goed – hulle is soms nader familie as bloedfamilie.*

*Wanneer julle die boekie lees is dit seker al week 2 van 2023. Ek bid vir almal 'n Voorspoedige en Geseënde 2023 toe. Ek bid vir julle en vir myself dat ons al die negatiewe dinge wat rondom ons gebeur (of dit nou persoonlik is en of dit al die negatiewe dinge in ons land is) met ons kop omhoog sal hanteer en blymoedig sal bly.*

*Groete, bly jouself en bly gesond*


*Lise Veldsman*
*Tel:* *082 776 2595*
*Faks:* *086 6133 804*
*E-pos:* *lise@droomriversdal.co.za*


*EK glo in die SON, al skyn dit nie. EK glo in LIEFDE, al is ek alleen. Ek glo in GOD, selfs as HY stil is*



# UIT DIE BAAS SE STOEL

Dagsê,

‘n Nuwejaar en nuwe dinge. 2023 lê voor ons en wat kan ons doen anders as om opgewonde te wees.
2022 het sy terugslae gehad, maar ons het steeds geseënd anderkant uitgekom. Die Woord sê mos jy sal nooit bo jou kragte beproef word nie.

My wense vir 2023 is dat almal geluk, seën en goeie gesondheid sal ondervind.
2022 het aanvanklik baie rustig begin en ons het talle projekte afgehandel en groot dinge beplan. Almal het hard gewerk om by skedules te hou, toe ons weer soos met Covid tot stilstand geruk word.
Op 11 Augustus 2022 om 01h00 het ‘n brand onstaan in Ou Meule wat ons van koers gegooi het. Daardie nag en die opvolgende dae het ons weereens agter gekom hoe groot ons Here werklik is. Ontruimings het absoluut vlot verloop met behulp van instansies betrokke, asook die gemeenskap.
Die gemeenskap se handevat deur middel van tyd, donasies en hulp was verstommend. Vir lank was ons gekonfronteer met die rookreuk en swart gebrande areas.
Toe word die tender toegeken aan GP Konstruksie. ‘n Ongelooflike groep mense wat uit hulle pad gaan om puik werk te lewer. Aan Gert Jacobs en sy twee seuns, asook Gerhard, die bouer, net een groot dank vir uitsonderlik werk.

Skielik het die swart in ons lewe verlig geraak met verfreuke wat die rookreuk vervang. Ons onderhandelingstegnieke was natuurlik nie weg en daar is vinnig besluit dat die nuwe ingang, asook Alzheimer afdak terselfdertyd gedoen moet word. Twee van vier projekte wat gedoen moes word. Die nuwe vensters, die ander projek, het ook ‘n duidelike verskil gemaak. Ons kan voorwaar trots wees op wat vermag is.
Al probleem was dat die jaar so vining verby geskiet het, dat die Kerstyd aangebreek het voordat ons ons oë kon knip. Nietemin hoop ek dat elke inwoner ‘n wonderlike feestyd saam met kinders en families gehad het.

Nou lê die nuwe jaar voor en ons sien uit om ook dié uitdagings aan te pak. Aan al die personeel baie dankie vir 2022 en voorspoed met 2023 wat voor ons uitgestrek lê.

Groete van die kantoor

Chris Veldsman



**TERT SE KERSFEES STORIE**

Ek brand al van lankal af om hierdie storie te vertel, maar ek het uitgehou tot nou toe. Merkwaardig, al moet ek dit self sê. As ek 'n storie hoor, dan moet hy vertel word, maar hierdie een moes ek mee wag.

Verlede jaar, besluit Tert en Lien dat, aangesien hulle kinders elkeen hulle eie koers gaan inslaan gedurende Kersfees, hulle nie stoksielalleen by die huis gaan sit nie. Tert wou weg na waar dit stil is. Geen blink liggies en goeters nie. Net die stilte.

'n Paar dae voor Kersfees het ons gaan groet en geskenke geruil. Ons sou hulle eers weer na Nuwejaarsdag sien.

Met hulle terugkeer het ons gaan hallo sê en voorspoedige Nuwejaar en alles.

"Nou waar was julle toe?" wou ek nuuskierig weet.

"Noord-Kaap" sê Tert.

"Ek het nie geweet julle het familie daar nie?" vis ek verder uit.

"Nie gehad nie, maar nou het ons."

"Nou maar hoe werk dit?" hou ek vol.

"Jy't ook geen einde nie. Sal nou aanhou karring en karring tot jy jou storie het," sê Tert.

"Maar jy weet mos. Ek dood oor 'n storie."

"Nou maar fyn. Sit terug en luister."

Ek is kinderlik bly oor die vooruitsig van 'n storie.

"Toe ek en Lien hier weg is, het ons regtig nie 'n idéé gehad waarheen ons nou eintlik wil gaan nie. Ons het by Jasmyn gestop vir ontbyt toe Lien sê sy wil Laeveld toe. Maar ek het gesê nee, daar is óók te veel mense. Ek soek stilte.

"'Nou maar dan moet jy woestyn toe,' sê sy toe half op rukkerig. 'Die kans is goed dat dit net ek en jy sal wees', en sy skud haar hare. As sy so maak moet ek weet: sy is nou krapperig.'

"Ek het haar aangekyk. Jy is geniaal, weet jy, sê ek vir haar.

"'Ek weet' kom dit selfvoldaan. Haar stemming het verbeter.

"'Nou waar sal ons dan heengaan?' wou sy weet.

"Nee, ek weet nie. Ons ry maar soos wat die stuurwiel draai en die pad ons vat.

"Na ontbyt klim ons weer in die wa en ek draai Rustenburg se kant toe. Op Lichtenburg draai ons toe weg Vryburg se koers in. Daar het ons die aand geslaap. By die gastehuis op Vryburg, vertel iemand vir ons van die pad al op die Botswanagrens langs, die Molopo in tot by Van Zylsrus. Dis 'n tweespoorpad maar onbeskryflik mooi sê die man.

"Die volgende oggend na ontbyt gryp ons die pad. Later is ons van die teer af op 'n grondpad. Die grondpad word toe wel later 'n tweespoorpaadjie, en die wêreld is vreeslik mooi. Die mooiste kameeldorings en af en toe 'n koedoe of twee, drie, en selfs 'n troppie gemsbokke. Deur plase en seker 'n honderd hekke moes ek iewers verkeerd afgedraai het, want toe raak die paadjie amper weg.

"Ons plan was om op Van Zylsrus te gaan slaap soos wat die ou op Vryburg vir ons beduie het, maar skielik het dit na 'n bitter skrale moontlikheid gelyk. Ons was in ons kanon in verdwaal. Die son was besig om te sak. Dit was Oukersdagaand, en ons was in die middel van nêrens, maar vreemd genoeg, dit was asof daar 'n groot kalmte oor my gekom het. Ek het vir Lien gekyk.

"'Dis lekker hier', sê sy toe. 'Ons slaan ons tentjie sommer net hier op en ons slaap net hier in die veld onder die sterre. Hier is nou so min mense, dis wraggies net ons twee.' Sy giggel avontuurlik.

"Ons klim uit die wa uit en Lien kom staan in my arms. 'Kyk hoe mooi is die sonsondergang' sê sy. Lank het ek so gestaan met haar kop teen my bors totdat die son agter die horison weggesak het. Om ons het die nag begin wakker word. Ons het nog so gestaan, toe ons 'n vreemde geluid hoor. So 'n klingel-klingel geluid. Terwyl ons nog rondkyk kom daar 'n donkiekarretjie om die draai.

"'Ek sê vir die vrou ek moet loop kyk. Ek dink ek hoor iets,' sê die oompie op die bankie toe die karretjie langs ons tot stilstand kom.

"Ek draai om en kyk na die oompie. Rateltaai en voos gebrand deur die son sit hy daar.

"'Kom, meneer-hulle kan nie hier in die vlak slaap nie. Die vrou het al klaar julle kamer reggemaak.' Dis duidelik dat die oom nie nee vir 'n antwoord gaan vat nie.

"'Sal Oom omgee as ek saam met Oom ry? Ek het nog nooit op 'n donkiekarretjie gery nie,' vra Lien toe opgewonde.

"'Alte seker Mevrou. Wag ek help vir Mevrou,' sê die oom en help vir Lien tot op die bankie. Stadig kruie ons daar met die slingerpaadjie aan tot by die huisie. Lien waai vir my van die bankie af. Sy is so opgewonde soos 'n skoolkind.

"Die huisie is skoon en netjies op 'n eenvoudige manier. Die tante kom op die stoep uit toe ons stilhou.

"'Maar welkom hier by ons, Hennerik vat die meneer-hulle se goed en sit dit in die spaarkamer kom nader die ketel kook al,' sê die tante alles in een asem.

"Toe ons in die kombuis instap, ruik ek die geurig gekookte kos, en die brandende paraffienlamp op die wit geskropte tafel.

"'Kom ek wys vir Mevrou waar die badkamer is Mevrou wil seker eers bietjie hande en gesig was voor ek koffie skink.' Weer alles in een asem.

"Ek help die oompie om ons bagasie kamer toe te dra. 'Maar hoe is dit dat die tante die kamer so vinnig reggemaak het,' wil ek by die oompie weet.

'Nee, Meneer sien, die vrou maak elke jaar so 'n week voor Kersfees al die kamer reg. Maar ek sal later vir Meneer die storie vertel. Kom was eers hande en dan gaan drink ons koffie.'

"Later, toe ons aan tafel sit, merk ek dat die tante nie net vir twee gekook het nie. Dit lyk asof sy ons verwag het. 'Hoe is dit dan dat dit vir my lyk asof tante ons hier verwag het', vra ek nuuskierig.

"'Maar natuurlik het ek mense verwag die Liewe Heer stuur elke jaar vir ons mense vir Kersfees Hy het nog nie een jaar oorgeslaan vandat die kinders hier weg is stad toe nie ek het Hom so gevra en Hy het so gedoen.' Punte en kommas bestaan nie vir die tante nie. "'Hoe dan so, tante?' wil ek weet.

"'Nee meneer sien ons is eintlik afstammelinge van die Griekwas wat vroeër jare hier deurgetrek het en onse kinders het nooit die liefde vir die wêreld gehad soos ons dit het nie en jare terug het hulle besluit hulle is moeg vir die wêreld met sy hitte en droogtes en goed en op 'n dag het hulle net besluit om weg te trek en tot nou toe het ons nog nie weer 'n woord van hulle gehoor nie dis vanjaar al vyftien jaar dat hulle weg is.'

"Die tante skep asem. Die oom vat oor. 'Net voor die eerste Kersfees nadat die kinders hier weg is, sê ek vir die vrou, ek sê Ma, ek kan nie hierdie jaar Kersfees hou nie. Die kinders is weg en dis net ons twee en my hart is seer en sal net seerder word hier oor die Groot Dae. Wat gaan ons maak?'

"'Sy sê toe, Hennerik, moet nou nie daaroor wakker lê nie ek het reeds vir onse Hemelse Vader gevra om vir ons mense te stuur vir Kersfees more gaan ek die spaarkamer begin regmaak en jy moet kom hjelp.'
"'Dit was 'n week voor Kersfees. Die volgende dag het die stof gestaan soos die vrou alles begin regmaak het, en ek het angstig gehoop dat die Vader vir haar gehoor het en dat sy nie teleurgestel sal wees nie.'

"Die tante val in. 'Daardie eerste jaar het die mense gekom ook op Oukersdag net soos meneer-hulle ook geverdwaal ek het kant en klaar gekook gehad toe hulle hier aanland daar was 'n kleintjie ook by ek was so bly Hennerik het gesê die Here het ons nie alleen gelos nie.'

"Die eenvoud, geloof, vertroue en die opregtheid van die mense het my aangegryp," vertel Tert.

"Nadat ons geëet het, het die oompie die dankgebed gedoen en toe strammerig opgestaan. 'Sit julle net so. Ek gaan net die Bybel haal.'

"Toe die oom terug kom, gee hy vir my die Bybel aan.

"'Sal Meneer asseblief vir ons lees. Nie ek of die vrou het enige gelerendheid nie en al wanneer ons die Bybel uithaal is wanneer hier mense kom wat dan vir ons lees. Verder sê ek maar die stukkiekies op wat so met die jare saam in my kop vasgesteek het, of wat ek nog in die Sondagskool uit my kop moes geleer het. My pa-hulle het ons nie skool toe kon stuur nie, maar ons moes elke Sondag kerk toe gaan en daarna was dit Sondagskool.'

"Ek maak die Bybel oop. 'Wat moet ek vir oom-hulle lees?'

"'Lees vir ons asseblief die geboorteverhaal. Soos wat dit in Lukas staan.'

"'Ja, asseblief,' kom dit van die tante, 'dis baie mooier daar as in die ander boeke van die Bybel.'

"Terwyl ek rondblaai, kry ek die reuk van mottegif. Hier en daar is 'n foto'tjie tussen die blaaie gebêre. Ek begin lees.

"Die kombuis het amper 'n heilige plek geword. 'n Katedraal. Ek lees van Maria en die Kind. Van die stal en die krip. Van die herders en die wyse manne. Die stil toe ek die Boek toemaak.

"Die oom sit met sy hande in eerbied gevou. Deur die kombuisvenster het die volmaan groot en wit oor die kameeldorings gelê. Saggies begin die tante Stille Nag te sing. Haar oumensstem is krakerig, maar vir ons het dit die klank van 'n nagtegaal gehad. Dis asof van iewers af die engele saamgesing het. Die oom het met sy dreunstem ingeval en Lien kort na hom.

Ek het probeer, maar die knop in my keel was te groot. Ek kon net fluister. Ek het daar lief geword vir hierdie twee eenvoudige, maar opregte mense.

"'Ek wens daar was iets wat ons vir die twee oues kon doen,' sê ek later vir Lien toe ons in die bed lê.

"'Hulle het alles wat hulle nodig het,' sê Lien. 'Wêreldsgoed beteken vir hulle niks nie. As ons iets wil doen, moet ons bid en vra dat die Here hulle kinders sal laat terugkom.'

"Daar langs die bed het ons toe gekniel en vir die Here gevra om tog ook aan die oumense se hartseer te dink en hulle kinders te laat terugkom. Met 'n tevrede gemoed het ons die kers doodgeblaas en aan die slaap geraak.

"Die oumense was baie bly toe ons vra of ons 'n paar dae langer kan bly. Ons kon eenvoudig nie genoeg van hulle gasvryheid kry nie. Ons het saam met hulle lang ente met die donkiekarretjie in die veld gery, en dit was veral vir Lien baie lekker. Dit het my laat besef hoe leeg ons lewens regtig geword het. As ons kuiermense kry, dan vat

ons hulle na een of ander Mall of 'n ding toe, maar hier is 'n rit op 'n donkiekar in die veld 'n siele lafenis.

"Oujaarsdag middag, toe ons terugkom van die veld af, sien ons die vreemde kar onder die kameeldoring staan.

"'Haai kyk pa ons het nog mense gekry is dit nou nie vir jou wonderlik nie?'

"Dis toe die figuur om die hoek van die huis kom dat die oom die teuels styf pluk. Die donkies het nog nie eers behoorlik stilgestaan nie, of die oom spring af en storm vooruit.

"'Hennerik! Hennerikkie my seun!' Die oom huil.

"'Pa!' roep die man van die hoek af. 'Pa!' Toe is hulle in mekaar se arms. Die pa en sy seun.

"Die tante kom ook by. 'Hennerik . . . Hennerikkiekie, is dit regtig jy, my kind?' Die tante se vreugde ken geen perke nie. Hulle omhels mekaar.

"'Wag Ma, Pa, hier is nog mense.' Toe sien ons die ander mense wat om die hoek kom.

"'Freek!' roep die oom. 'Freek, ag my seun. Ek is so bly. Die Here is vir ons goed. En die ander? Wie is hulle?'

"'Pa, Ma, ontmoet ons vrouens en julle kleinkinders.'

"Toe het daar voor ons oë 'n ding gebeur wat in my geheue ingegraveer is en wat ek sal onthou tot die dag van my dood," sê Tert.

"Die oom sak daar op die warm kalaharisand op sy knieë neer en bid 'n dank- en lofgebed waarvan ek die gelyke nog nie gehoor het nie. Soos 'n Abraham van ouds. Op sy knieë met sy hande na bo uitgestrek.

"Ek en Lien het na mekaar gekyk. Trane het in Lien se oë geblink. Ons het op heilige grond gestaan. Ons gebed is verhoor. Die Here het vir ons gegee presiés wat ons van Hom gevra het."

(Skrywer onbekend)



## *SOSIALE BYEENKOMSTE*

"Goodbye for now, 2022"

Ek is seker almal kan nog die gewilde TV reeks "Agter Elke Man" onthou met Dulcie van den Berg se bekende groet "Goodbye for now".
Die jaar nader inderdaad sy einde, en met die skrywe van die Droomgenoot, nog 'n hele 29 dae oor.  En dan daarmee saam ook 'n vinnige terugblik op die laaste drie maande se aktiwiteite.

Droom het met groot dankbaarheid twee 'cornhole' oftewel Mielie Mik borde as skenkings ontvangs.  Dis met mooi kleure geverf en het al heelwat vreugde verskaf



Musiek is altyd 'n groot treffer by die Droom Inwoners en hulle het die optrede van Erika, Colette en leerlinge wat allerlei sang- en instrumentale items gelewer het, hoogs waardeer. 'n Hartlike dank ook aan Marietjie van der Merwe wat haar eerste verskyning by die Droomsaal kom maak het.  Marietjie sing graag allerlei ligte asook geestelike musiek.



‘n Uitstappie na Oudebosch Gasteplaas net buite Riversdal, was ‘n hoogtepunt. Buiten vir die hartlike gasvryheid waarmee Inwoners ontvang is, is daar ook die pragtige natuurskoon.  “Perdjie” is ook wortels gevoer en die wat wou kon ook die pragtige dier roskam.





‘n Gemeenskapsdag is deur Riversdal Oudioloë in die Droomsaal aangebied. Dit het ‘n kort lesing ingesluit, onder andere oor die impak van gehoorverlies op enige verhouding asook die persoon self.  Daar was ook geleentheid van die skoonmaak van gehoor apparate, gelukkige trekkings en nog meer.
Een van die plaaslike besighede, Clicks, het gratis +3 sterkte leesbrille, aan beide Tehuise se Inwoners, wie daarby sou baat vind, kom uitdeel.






Solidariteit Riversdal se tak het ook 'n mooi bydrae gemaak deur 'n swaai vir die Ou Meule Alzheimer-afdeling te skenk. Daar is saam met die nuwe afdak, 'n gesamentlike 'opening' gehou.



Aktiwiteit hoogtepunte was weer die 5-kamp-oggend waar Inwoners hulle (goue) staal moes wys.  Die oggend was vol verrassings.  Die eerste verassing was dat die 1ste, 2de en 3de plekke deur Jan Lange Inwoners opgeraap is.  Nog twee Jan Lange Inwoners het 'n 'hole in one' agteroor gegooi in die Mielie Mik bord. So daar is omtrent skoonskip gemaak. Die groot verrassing was tannie Kitty Prinsloo wat vir die tweede keer as die 5-kamp kampioen gekroon is!!  Welgedaan!





Die Jan Langers is baie ernstig oor hulle ringbord gooi en die mansspan het die damesspan een oggend met 3-0 gewen. Dit blyk dat hierdie 'n gevoelige slag vir die vrouens was….



Miskien is dit tyd dat ek ook maar sê "goodbye for now" voor daar moeilikheid op hande vir my is met van my 'skindernuus'.
'n Feesseisoen met Hernude Ontdekte Hoop word u toegebid asook 'n Nuwe Jaar (2023) toegewy in Genade, Hoop en Liefde






# VONKE UIT DIE VUURKLIP deur Mnr J Oosthuizen

## ONVERWAGSE ONTMOETINGS Ná DIE ANGLO BOERE-OORLOG. (ABO)

Terwyl ek onlangs 'n draai in Engeland en Nederland gaan maak het, het ek twee baie besonders mense, albei al diep in die tagtig, ontmoet. Dit was heel toevallig en dit as gevolg van die pet wat op my kop was. Vir my was dit in beide gevalle iets wat aan my hart gevat het – iets wat vir my baie kosbaar sal bly.

Ek en my liewe vrou het in Nederland rondgery en toe verdwaal ons. Ons het by die hek van 'n *boerderij* ingedraai waar 'n bejaarde man sy herte en melkbokke gevoer het. Toe ek stilhou het hy nader gestaan en met die groetslag het hy die woorde op my pet raakgesien en gelees. Nog voordat ek behoorlik kon groet en myself voorstel, het hy die woorde op my pet gelees en dadelik weggeval: *"U bent een Boer in merg en bloed".* Ons het kennisgemaak en ek kon sien dat hy iets te vertelle gehad het.

Tot my verbasing het hy met wye kennis oor die ABO begin gesels en dit was duidelik dat sy simpatie by die Boeremagte gelê het. Hy is sy huis in en kom toe terug met 'n boek in sy hande. Dit was 'n herdenkingsuitgawe van die Nederlanders se betrokkenheid en hulpverlening aan die Boererepublieke tydens die ABO. Hy het trots by foto's oopgemaak waar sy oupa en president Kruger saam verskyn het en toe vertel hy my van sy oupa se betrokkenheid by die president se verblyf in Europa tydens sy ballingskap, tot sy dood toe.

Sy oupa was daar toe die president van die Gelderland af aan wal gestap het en hy het vertel van die gulle ontvangs en verwelkoming wat hom te beurtgeval het. Hy het met 'n knipoog vertel van koningin Wilhelmina se bewondering vir die president. Vanuit België het hy na Den Haag vertrek waar hy mediese hulp ontvang het. Daarna is hy na Hilversum en ná sy vrou se dood na Utrecht, waar hy ook die treurige nuus van die Vrede van Vereeniging ontvang het. Hy het vertel dat die hele Nederland en selfs ander Europese lande in rou gedompel was.

Soos derduisende Europeërs het sy oupa ook 'n heldeverering vir die bejaarde president gehad en dit was hy wat 'n leiersrol gespeel het ten opsigte van die reisplanne van die ou president om oraloor skares ondersteuners toe te spreek. Hy het vertel hoe honderde duisende juigend en geesdriftig na die president geluister het.

My nuutgevonde vriend het, voordat ons gegroet het, nog 'n boek gaan haal: *Gedenkschriften* deur F. Rompel, geredigeer en in Nederlands gepubliseer. Dit was die president se herinneringe soos hy dit aan sy sekretarisse dikteer het. Die bundel was ook in verskeie Europese tale vertaal.

In my stomme verbasing het ek, tot my spyt, geen besonderhede van die Boerevriend neergeskryf nie. Hy het pad beduie en ons het gegroet. Met my hand stewig in syne, was sy laaste woorde aan my: *"Ik groet u. Een Boer in merg en bloed."* Dit was waarskynlik, met 'n warmte in twee harte, 'n laaste groet.

Die volgende verrassende ervaring was kort daarna in Engeland. By 'n voetgangersverkeerslig het ek gesien hoe 'n bejaarde kromrug Engelse dame sukkel

om die skakelaar teen die paal in te druk. Sy was klein en fyn en broos. Die vingertjies was kromgetrek. Ek het die skakelaar ingedruk en sy het sukkelend na my toe opgekyk. Sy het my pet raakgesien en toe sê sy: *" I like your hat. What does it say?"* Ek moes vinnig dink en probeer vertaal. My antwoord was: *" I'm a thorough bred* Boer *in bone and marrow."* Sy het vir 'n wyle my met skrefiesoë aangekyk en toe praat sy. *"Then you should remember the Boor war."* My antwoord: *"Yes, I remember. I suppose you refer to the Anglo* Boer *War."* Sy het begrypend verder gepraat: *"My grandfather fought in that war. He always said he was lucky to return home. Most of his friends didn't."* Ek was sprakeloos en het gewag dat sy weer moes praat. Sy het: *"You know, he had great admiration for the Boor army."* Ek weet ek moes seker nie, maar ek wou hê sy moes weet: *"You know,"* het ek haar reggehelp, *"there was no Boor army. The battle was fought by* Boere, *most of them farmers, who fought for the freedom of their beloved country."*

Ons het vir 'n rukkie woordeloos na mekaar staan en kyk terwyl mense heen en weer by ons verby die straat oorgesteek het en toe praat sy weer: *"Britain didn't win the war. The Boors didn't loose the war."* Ek kon niks sê nie. Die knop in my keel was té groot. Gelukkig wou sy nog iets doen: *"May I have the honour to shake hands with a Boor?"* Sy het haar kromvingerhandjie na my toe uitgehou en ek het haar handjie in altwee my hande toegevou. Woorde sou oorbodig wees. Ek het haar oor die straat gehelp en ons het gegroet. Haar laaste woorde aan my was: *"I like your hat because I know what it says!"*

Honderd en agtien jaar ná die ABO het twee kosbare mense my pad gekruis. Ons ontmoetings het seker nie veel langer as 'n kwartier geduur nie. Ek sal hulle seker nie ooit weer sien nie, maar ek sal hulle beslis nooit vergeet nie. 'n Tenger Engelse vroutjie en 'n forse Nederlandse heer het my Boerehart raakgesien en nie weggekyk nie.

Tot 'n volgende keer……………………..



## UIT DIE VERPLEEG AFDELING

Dit is Desember 2022, amper 3 jaar sedert die gevreesde pandemie die wêreld geruk het. 2022 kan ons maar vir almal sê, was 'n beter jaar as die vorige twee jaar. Die gevreesde vierde golf het toe nie sulke groot opslae gemaak nie. Ons by DROOM het wel voorsorg getref en meeste van die bejaardes (wie ingestem het) hul 4de inenting gegee. Ons het die laaste week of twee gehoor dat ons weer statistieke ivm positiewe gevalle in die tehuise by Departement Maatskaplike Ontwikkeling moet deurgee. Ons vertrou dat elke verslagewing wat gemaak moet word "0" sal bly.

Dus versoek ek weer dat almal van oupas, oumas, ma, pa en kinders tog steeds tot 'n mate aan die voorsorg maatreëls gehoor gee. Probeer om weg te bly van groot saamtrekke. Sê vir die familie indien jy olik voel. Dra 'n masker indien nodig. Moet dan asseblief nie almal soengroet nie. Niemand weet of jy die "kiem" onder lede het of nie.

**<u>DIE BELANGRIKSTE VOORKOMING IS INFEKSIEBEHEER</u>**:

1. **Handewas en handontsmetting met saniteerder**

**<u>Wat moet ek doen indien ek moontlik met 'n besmette persoon in aanraking kom?</u>**
**Hou uself afgesonder en kontak u geneesheer telefonies.**

**Kontak: General Public Hotline: 0800 029 999**
**Maandae – Vrydae vanaf 08:00 – 16:00**

2022 het ook sy groot uitdagings en "ongeluk" gehad, van verandering van personeel tot die brand in Augustus. Ou Meule is besig om 'n gedaante verwisseling te ondergaan. Nuwe vensters is aangebring, die gebou is geverf, die brandvleuel is herstel en 'n nuwe ingang is klaar gebou. Die afronding sal vroeg in 2023 plaasvind. Dan sal alles weer terugkeer na normaal. Almal sien uit na die nuwe Ou Meule.
Dis met groot hartseer om te sê dat daar baie personeel was wat sommer net 24uur bedank het ten spyte dat hulle kontrak dit verbied. Die ergste is, is dat hulle hul kollegas in die steek laat. DROOM poog om meer senior personeel aan te stel vir volgende jaar.
Ons het heerlike spanbou gehou in November. Dit het by Korentpoortdam se skooltjie plaasgevind. Ek dink vir die verpleegpersoneel was dit 'n heerlike wegkomkans gewees, net weg van die daaglikse roetine van verpleging, net om hulleself te wees. Riaan Bernardo het 'n praatjie gelewer rondom leierskap, Retha Benade het aktiwiteite met hulle gedoen, Mnr Veldsman het spesiaal deurgekom om 'n paar woorde met die personeel te wissel en om hulle in te lig dat ten spyte van al die finansiële uitdagings die afgelope jaar gaan hy 'n bonus uitbetaal en ek, Sr Botha, het die befaamde "Pienk Lêer" met hulle deurgegaan en die belangrikheid van voortgestte opskerping van hulle indiensopleiding beklemtoon.

**Ek weet ek het in 2021 die skrywe rondom "Skin cancer awareness month" gehad. Maar omrede my eggenoot hierdie afgelope jaar verskeie operasies op sy neus moes deurmaak agv Basaalsel-karsinoom het ek gevoel ek wil weer hierdie inligting deurgee, aangesien dit Desembermaand vakansie tyd is en almal wil op die strand gaan lê en "tan".**

# SKIN CANCER AWARENESS MONTH
## (1 DECEMBER – 31 JANUARY)

According to the Cancer Association of South Africa (CANSA), South Africa has the second highest incidence of skin cancer in the world after Australia, and one of the highest incidences of **melanoma** – the most dangerous form of skin cancer – worldwide. Every year, at least 20 000 South Africans are diagnosed with non-melanoma skin cancers – cancers that occur in the skin that are not melanoma – and approximately 1 500 are diagnosed with melanoma. Skin cancer – a highly preventable and treatable disease – is caused by chronic exposure to sunlight and affects anyone, regardless of skin colour, gender or age. This Skin Cancer Awareness Month – from 1 December to 31 January – be sun smart and educate yourself about the dangers of the sun and its rays.

Tips to reduce your risk include:

- Sunburn can occur within 15 minutes. The damage caused is permanent, irreversible and increases your risk of skin cancer.

- Avoid sunbeds and sunlamps. They can elevate your risk of skin cancer.

- Use an effective sunscreen with an SPF of between 20 to 50. Apply it liberally to all exposed skin.

- Apply sunscreen at least 20 minutes before going outside. Re-apply regularly (every two hours) and after towel drying, perspiring or swimming.

- Wear protective clothing such as wide-brim hats, loose fitting shirts and sunglasses with an ultraviolet (UV) protection of UV400

- The sun's rays are most dangerous between 10am and 3pm. Avoid direct sun exposure during this time and stay in the shade or under an umbrella as much as possible. Remember, you can get sunburn on a cloudy day - UV light can still penetrate light cloud cover.

- Carefully check your skin monthly for spots, marks or moles.

- Warning signs for skin cancer include - asymmetrical marks, moles that change colour, grow big or have irregular edges. Seek medical advice immediately if you notice any of these changes – early detection of skin cancer is vital.

- Get screened at your local CANSA care centre.

Be sun smart and practice good and responsible sun care throughout the year.

## ***Basal Cell Carcinoma***

About 8 out of 10 of all skin cancers are basal cell carcinomas (also called basal cell cancers). These cancers usually develop on areas exposed to the sun. They can appear as raised areas (like this one) and can be pale, pink or red. They may have one or more abnormal blood vessels.




Larger basal cell carcinomas may have oozing or crusted areas.

Some basal cell carcinomas may appear as raised, pink or red, translucent, shiny, pearly bumps that may bleed after a minor injury. They may have a lower area in their centre, and blue, brown, or black areas.




Basal cell carcinomas tend to grow slowly. It’s very rare for a basal cell cancer to spread to other parts of the body. But if a basal cell cancer is left untreated, it can grow into nearby areas and invade the bone or other tissues beneath the skin.

Basal cell carcinomas can develop on the scalp, so it’s important to check your scalp when you check the rest of your body for any new marks or growths. Many doctors recommend doing this once a month.




Basal cell carcinomas are more likely to develop in older people, but younger people also get them, probably because they are now spending more time in the sun with their skin exposed.








Basal cell carcinoma on the nose – just before operation. It looks small but don’t be misjudged. The carcinoma is more like an egg fried in a pan. The yolk

is what you see on the surface of the skin, but underneath the skin it is looks like the egg white spreading in the pan.



The same nose after the basal cell carcinoma was excised in theatre. After this operation 3 more operations followed including extraction of cartilage to build the bridge of the nose and skin transplants.

Basal cell cancers usually develop on areas exposed to the sun, especially the face, head, and...

Men are more likely than women to develop basal cell carcinomas, but it’s important for anyone to get an unusual spot or growth checked by a doctor. Larger basal cell carcinomas may have oozing or crusted areas.

Basal cell cancers are often fragile and bleed easily. Sometimes they are found because people see a doctor about a “shaving cut” that doesn’t heal.

- **Melanoma**

Melanomas are much less common than basal cell and squamous cell skin cancers, but they are far more dangerous. Like this one, melanomas may have different colours and jagged borders. They may not be round and one half might not look like the other half.




Melanomas can occur anywhere on the skin, but they are more likely to start in certain areas. The trunk (chest and back) is the most common site in men. The

legs are the most common site in women. The neck and face are other common sites.

Melanomas often look different from other spots on the skin. It's very important to see a doctor if you have any new moles, moles that are growing or changing in any way or moles that concern you for any other reason.

Melanomas are usually brown or black, but some can appear pink, tan or even white. Some melanomas have areas with different colours and they might not be round like normal moles. They might grow quickly or even spread into the surrounding skin.




Sometimes melanomas can start in places that can be hard to spot, eg on the heel of the foot. Melanomas aren't common in people with darker skin, but when they do occur, they are more likely to be on the palms of the hands, soles of the feet or under the nails.

Many melanomas have different features: one half doesn't match the other, the borders are irregular and there are different shades of colour. Melanomas can also appear as moles that change in size, shape or colour. Be sure to show your doctor any areas that concern you.



- **Squamous Cell Carcinoma**

  Squamous cell carcinomas may appear as flat reddish or brownish patches in the skin, often with a rough, scaly or crusted surface. They tend to grow slowly and usually occur on sun-exposed areas of the body, such as the face, ears, neck, lips and backs of the hands.




  Squamous cell carcinomas can also develop in scars or skin sores on any part of the body. These cancers are more likely to grow into deeper layers of skin and spread to other parts of the body than are basal cell cancers, although this is still uncommon.

  Squamous cell skin cancers tend to grow slowly and can almost always be cured if found and treated early. But if not treated, these cancers can grow into nearby areas or even spread to other parts of the body, where they can be much harder to treat.




  Different approaches might be used to treat squamous cell carcinoma. Fortunately, most of them can be cured with minor surgery or other types of local treatments.

## GEDAGTE VIR DIE DAG

Die geskiedenis van '**VOORSKOTE**'-

Ek dink nie ons kinders weet wat 'n voorskoot is nie. Die hoofgebruik van Ouma se voorskoot was om die rok daaronder te beskerm, want sy het net 'n paar gehad. Dit was ook omdat dit makliker was om voorskote te was as rokke - voorskote het minder materiaal gebruik. Maar daarmee saam het dit as 'n pothouer gedien om warm panne uit die oond te haal.
Dit was wonderlik om kinders se trane af te droog en is by geleentheid selfs gebruik om vuil ore skoon te maak.
Van die hoenderhok is die voorskoot gebruik om eiers, kieskeurige kuikens en soms half-uitgebroeide eiers te dra om in die warm oond klaargemaak te word.
Toe geselskap kom, was daardie voorskote ideale wegkruipplekke vir skaam kinders.
En toe die weer koud was, het Ouma dit om haar arms gedraai.
Daardie groot ou voorskote het menige sweet voorkop afgevee, gebuig oor die warm houtstoof.
Spaanders en aansteekhout is in daardie voorskoot die kombuis ingebring.
Uit die tuin het dit allerhande groente gedra. Nadat die ertjies uitgedop is, het dit die skille gedra.
In die herfs is die voorskoot gebruik om appels in te bring wat van die bome geval het.
Toe onverwagte geselskap die pad opry, was dit verbasend hoeveel meubels daardie ou voorskoot binne 'n kwessie van sekondes kon afstof.
Toe aandete gereed was, het Ouma op die stoep uitgestap, haar voorskoot geswaai, en die manne het geweet dis tyd om van die lande af in te kom vir ete.
Dit sal lank duur voordat iemand iets uitdink wat daardie 'outydse voorskoot' wat soveel doeleindes gedien het, sal vervang.
Ek weet nie hoeveel kieme op daardie voorskoot was nie. Maar ek het nog nooit iets van 'n voorskoot af, behalwe liefde, gevang nie. - skrywer onbekend




**Tot 'n volgende keer….. wees lief vir jou jouself, maar bowenal wees lief vir jou naaste!**

**Sr Linda Botha**

## HCBC Projek (Home Community Base Care)

**HIV/VIGS** is ‘n ernstig siekte wat **MILJOENE** Suid-Afrikaners raak. Mense met die HIV-virus het die versorging en steun van vriende, gesinne en die gemeenskap nodig.

Daarom ondersteun die HCBC-span jaarliks die 1ste Desember se Wêreld VIGS bewusmakingsdag, asook die 16dae van aktivime teen geweld teen vroue en kinders asook geslagsgelykheid.

Op 2 Desember het die HCBC-span in Riversdal aangesluit by verskeie rolspelers in die area om deur Riversdal se strate te stap om bewusmaking te doen en diegene te onthou wat gesterf het en diegene wat tans met MIV of VIGS lewe. Hulle het ook gestap vir diegene wat meewerk om die VIGS-epidemie te stop; diegene wat versorgers is; diegene wat treur en diegene wat teen stigma en diskriminasie werk. Droom se span het in samewerking met die plaaslike kliniek, geloofsgemeenskappe, Working on Fire, brandweer, munisipaliteit en polisie vanaf Riversdal Hospitaal gestap, deur die strate en weer terug na die kliniek waar ‘n bederfdag gehou is vir die gemeenskap wat deur bg. geraak is. Op die foto verskyn die verteenwoordigers van die onderskeie rolspelers.



Die HCBC-span van 33 was in 'n vrolike luim en het die bewusmakingstappie met baie gees aangedurf.




Die Heidelbergspan is altyd gereed om die gemeenskap met 'n glimlag te dien.



Droom het slegs 3 gemeenskapswerkers in Slangrivier, op die foto is Desiree Swartz en Semathia Pieters.



Die Riversdalgroep is die grootste. 18 CHW's bedien die Riversdal-area asook Witsand en Vermaaklikheid.



Mense wat HIV het kan lang, gesonde lewens lei. Jy kan help deur:

- Liefde, respek en steun te betoon aan mense wat HIVpositief is
- Die feite oor HIV/AIDS te ken en openlik oor die siekte te praat
- Te help om stres en spanningsvolle situasies te verminder
- Te help om gebalanseerde en voedsame maaltye te voorsien
- ‘n person wat HIV-positief raak aan te moedig om behandeling te kry as hulle siek word. Meeste infeksies kan maklik behandel en genees word, selfs al is iemand HIV-positief.

## Vinnige feite



- Die term vigs is die eerste keer in 1982 deur wetenskaplikes gebruik en die oorsaak van vigs, naamlik MIV, is in 1983 ontdek.
- Daar is sowat 1,2 miljoen Amerikaners wat met MIV leef, maar een uit elke vyf van dié mense weet nie dat hulle MIV-positief is nie.
- Sowat 3,7 miljoen kinders (0 tot 14 jaar) in die wêreld is MIV-positief, waarvan die meeste in Afrika bly.
- Amper 700 000 mense is in 2019 in die wêreld aan vigsverwante siektes dood en 1,7 miljoen nuwe mense het in hierdie jaar positief vir MIV getoets. Meer as 7 miljoen mense weet nie dat hulle MIV-positief is nie.
- Mense met vigs wat geen behandeling (medisyne) ontvang nie, sal net sowat 3 jaar lank met die siekte kan oorleef.

### Hoe kan iemand MIV kry?

Sommige kinders word met MIV gebore, omdat dié virus van ‘n ma na haar ongebore baba (in die baarmoeder) of deur borsmelk oorgedra kan word.

**Jy kan ook MIV opdoen deur:**

- seks met 'n persoon wat MIV het,
- spuitnaalde te deel (byvoorbeeld waar mense dwelms gebruik of tatoeërmerke kry),
- jou per ongeluk met 'n besmette (vuil) naald raak te steek (soos 'n dokter of verpleegster wat inspuitings vir mense gee); of
- in kontak te kom met die bloed van iemand wat MIV het (byvoorbeeld deur 'n bloedoortapping of as jy 'n stukkende of seerplek het en aan besmette bloed raak).




**Jy kan nie MIV kry nie deur:**

- urine, spoeg, trane of sweet (solank daar geen bloed in is nie)
- hoes of nies
- hande vashou of drukkies gee
- eetgerei met iemand te deel (soos messe, vurke, borde en glase)
- handdoeke of beddegoed te deel
- muskiete of ander insekte

**Mense met MIV/Vigs kry en sterf dikwels aan siektes soos:**

- tuberkulose
- longontsteking
- nier- of lewersiekte
- sekere kankersoorte
- meningitis

**MIV/Vigs in Suid-Afrika**

In 2018 was daar sowat 7,7 miljoen mense in ons land wat MIV-positief was, wat Suid-Afrika die land met die hoogste MIV-koers (die meeste mense met MIV) in die wêreld maak. Altesaam 200 000 nuwe mense met MIV, asook 72 000 vigsverwante sterftes is in 2018 in Suid-Afrika aangemeld. Sowat 71% van volwassenes en 47% van kinders in Suid-Afrika wat MIV-positief is, ontvang medisyne hiervoor. 'n Mens noem die medisyne wat gebruik word om MIV te behandel en te keer dat iemand sieker word (dat MIV erger word en iemand vigs ontwikkel), antiretrovirale middels of antiretrovirale terapie (ART).

*https://weet.co.za/lewensvaardighede/miv-vigs/*

Marlene Hendricks (links) is Droom se CHW wat deel vorm van die “ISH- School Health” projek. Hulle het die 16dae-veldtog in Albertinia gehou. Saam het haar is Sr. J Louw en Sr. A Wewers.




As deel van die uitreik is die gemeenskap bederf met ‘n gelukkige trekking -  Marlene oorhandig die “hamper” aan die wenner Wendy Neethling. Langs haar staan Heinrich Fortuin, die fotograaf by die geleentheid.



Een van die pligte van die projek is om kroniese medikasie in die gemeenskap uit te gee. Die CHW's onder toesig van Stafverpleegster C Malherbe gee elke 8 weke die kroniese medikasie van stabiele staatspasiënte uit. Om die voete by die klinieke minder te maak, word die medikasie by verskeie afsetpunte uitgegee. Kwanokuthula se afsetpunt bedien tussen 300–400 pasiënte. Díe medikasie word op een dag uitgegee. Friendly-saal en die Veeldoelige-sentrum is ook afsetpunte, maar word oor twee dae uitgegee, bedien sowat 700–1000 pasiënte per saal. Die CHW's kry die medikasie vanaf die apteek en verpak dan elke pasiënt se onderskeie kroniese medikasie in een pakkie. Die pakkies word dan alfabeties in kartondose verpak en die volgende dag uitgee. Die verpakking word onder toesig van Staf Malherbe en met behulp van 'n kontrolelys uitgegee. Sy kontroleer ook die herhaaldatum van die medikasie sodat die pasiënt vroegtydig kliniek tot kan gaan om hul voorskrifte te hernu. Indien 'n pasiënt nie opdaag nie word die pille teruggeneem apteek toe waarna die pasiënt dan twee weke het om dit te gaan afhaal.



Laat die ondergenoemde deel van ons DNA wees vir 2023.

| | |
|---|---|
| **WEES** | Positief |
| **PROBEER** | nuwe dinge |
| **KIES** | om gelukkig te wees |
| **LEEF** | in harmonie |
| **GLO** | en vertrou meer |
| **GEE** | meer om |
| **LEES** | meer |
| **WYS** | jou liefde meer |
| **EET** | meer gesond |
| **SÊ** | meer dankie |
| **GENIET** | elke dag |

Mag die nuwe jaar 'n geseënde jaar wees vol familietyd, vreugde en liefde.
Somer-groete
Melody Veldsman (HCBC Projek)

## MY LEWE VERTEL ‘n STORIE

## Desember 2022

Hoe meer ek oor my lewe dink, hoe meer kom ek tot die slotsom dat ek besig is om aan my eie storie te skryf. ‘n Ware verhaal wat bestaan uit verskillende bedrywe en waaraan elke dag geskrywe word.

Die groot vraag is natuurlik dat wanneer my naam genoem word, wat is die eerste gedagte wat in mense se koppe opspring? Waarvoor sal mense my en jou onthou?

Ek dink dadelik aan ‘n dame met die naam van Florence Nightingale. Sy word onthou as die Moeder van die moderne verpleegsorg.

Moeder Teresa word onthou as die dame wat armsorg haar prioriteit gemaak het.

Thomas Edison word onthou as die man wat die uitvinder van die gloeilamp was.

Alexander Graham Bell was die man wat die telefoon en telegraaf aan die gang gekry het.

Jy sien, hierdie manne en vroue het nie net bestaan nie, maar hulle het doelgerig gelewe. Geleef om ‘n verskil te maak. Sodoende ‘n storie geskryf, nie noodwendig saamgevat in ‘n boek nie, maar deur hul lewe voluit te leef. Die wêreld sal hulle vir altyd onthou.

Mahatma Gandhi het eenmaal gesê: “Be the change you want to see in the world.”

Ons trap soms in die slaggat dat ons verandering soek, maar verwag dat ander dit moet bewerkstellig terwyl ons toeskouers is en kritiseer. Die beste spelers sit mos gewoonlik op die pawiljoen?

Verandering begin by my en jou. Rom 12: 2 sê: “Laat toe dat God julle denke vernuwe… “

‘n Gedagte verandering asook ‘n hartsverandering is soms nodig om ‘n storie van inspirasie te skryf. Om te verstaan dis nie ander wat die storie moet skryf nie, maar dis ek. Dit moet by my begin. Ek gaan die verskil maak wat so nodig is.

Kersfees kom vertel ons juis ‘n storie van verandering. Jesus Christus se storie waar Hy na die aarde gekom het om ‘n verskil te kom maak. Nog nooit was daar ‘n storie wat so “verkoop” het of vertel was, as die storie van Jesus Christus nie.

Hoekom? Die mensdom is op soek na hoop! Jesus Christus het weer hoop gebring vir ‘n verloregaande wêreld. Hy het gekom om weer die bestemming van die mensdom te kom verseker - en dit bring hoop.

Bring jou en my storie waaraan ons elke dag skrywe ook weer hoop vir hooplose mense?

Die Apostel Paulus sê: “Wees my navolger soos wat ek dit van Christus is.” Loop agter my aan soos wat ek agter Christus aanloop. Ek loop agter Christus se storie aan, want Sy storie bring weer nuwe hoop.

Iemand het eendag gesê: "When I die, I cannot take with me what I have, but I can live in others by what I gave."

Daarom sal Jesus Christus se storie nooit vervaag nie, want Hy was 'n dienskneg wat ongeveer 2020 jaar gelede Sy lewe gegee het om vandag nog in en deur ons te kan lewe.

Nou inspireer Sy storie ons om ook 'n storie van ons eie te kan skryf.


Viktor Frankl sê: "Everyone has his own specific story or mission in life. Everyone must carry out a concrete assignment that demands fulfilment. Therein he cannot be replaced, nor can his life be repeated."

Jou grootste geskenk wat jy aan jou medemens kan gee, is 'n storie wat 'n verskil in mense se lewens sal maak. 'n Storie van hoop! 'n Storie waaraan jy altyd onthou sal word vir jou nalatenskap!
Ek bid jou 'n geseënde Christusfees toe, terwyl jy besig is om aan jou storie te skryf.

Met liefde en omgee.

Riaan Bernardo

Maatskaplike dienste & Geestelike versorging.



**What is New Year's meaning?**

As part of his reform, Caesar instituted January 1 as the first day of the year, partly **to honor the month's namesake: Janus, the Roman god of beginnings, whose two faces allowed him to look back into the past and forward into the future**.

**Why is New Year's meaningful?**

New Year's Eve also **gives us the chance to reflect on the previous year**, because most of us are different people than we were 365 days ago. So when we're celebrating New Year's Eve what we're really celebrating is the positive the changes we've made and the chance at a new beginning.

**What does *New Year* mean?**

When capitalized, the term *New Year* commonly refers to the first day or the first few days of a new year starting on January 1.

This is the sense of the term that's used in the phrase *Happy New Year* and in the terms *New Year's Eve* (December 31) and *New Year's Day* (January 1), which is a holiday to celebrate the *New Year.* The term *New Year's* can refer to either New Year's Eve or New Year's Day. It can also refer to the period of time spanning the end of the year and the beginning of the new one. *New Year* can also be used in this way, as in *We'll be away for the New Year, but we'll be back on January 4.*

Of course, people who are wishing you a *Happy New Year* are probably wishing that your entire year is happy, too—not just its first day or first few days. In general, a new year is the year that has just begun or will begin soon.

The term *New Year* is also used in the context of the beginnings of years that are based on other calendars, such as a Lunar *New Year.* For example, the Chinese *New Year* and the Jewish *New Year* (known as *Rosh Hashanah*) are both based on lunar calendars. The *New Year* holiday known as *Nowruz* (sometimes called the *Persian New Year*) occurs on the vernal equinox.

In the U.S., the *New Year* is part of what's known as the *holiday season* (sometimes called *the holidays*)—the period that starts on Thanksgiving and continues until New Year's Day and includes the holidays of Hanukkah, Christmas, Kwanzaa, and New Year's Eve.

Many people view the *New Year* as a time for new beginnings and resolutions.

Example: *Let's see how I keep up with my fitness goals after the New Year.*


HAPPY
new year
2023

# Kontakbesonderhede

DROOM

Posbus 270

Riversdal

6670

| | |
|---|---|
| DROOM: | 028 7132526 |
| E-Pos: | ontvangs@droomriversdal.co.za |
| Web: | www.droomriversdal.co.za |

**2021/2022-boekjaar**

**Personeel:**

| | |
|---|---|
| Uitvoerende Bestuurder: | Mnr CJ Veldsman |
| DROOM Ontvangs, Debiteureklerk en Personeel beampte: | Mev M Strydom |
| Finansiële beampte: | Mev MG Veldsman |
| Administratiewe beampte maatskaplike dienste-afdeling en Geestelike bediening: | Mnr CJ Bernardo |
| Hoof geregistreerde verpleegkundige: | Suster L Botha |
| Geregistreerde verpleegkundige: | Suster U van Niekerk |
| Ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster RH Ponto |
| Sosiale kreatiwiteitskoördineerder: | Mej R Benadé |
| Koördineerder van die Onderhoudsafdeling en Beroepsgesondheid en Veiligheid (OHS): | Mnr JH Esterhuizen |
| Sosiale media (Kaapstad): | Mev LA Veldsman |

**Home Community Base Care:** (Projek befonds deur Departement Gesondheid en bestuur deur DROOM).

| | |
|---|---|
| Administratiewe beampte: | Mev MG Veldsman |
| Koördineerder ingeskrewe verpleegkundige: | Stafverpleegster C Malherbe |
| Nie-professionele koördineerder: | Mev M Jacobs |

**Etekaartjies:**

Weeketes: R50,00
Sondagetes: R60,00
Spesiale etes: Op aanvraag.

**Gastekamer:** Word tans nie benut nie a.g.v. die Covid regulasies

**Respytsorg:** Opnames is gestaak tot verdere kennisgewing